

Laat sy Liefde jou Lei: Begrip kyk anders na ander

Laat sy Liefde jou Lei: Begrip kyk anders na ander
– Milanie Vosloo

Begrip kyk ánders na ander

Maar U is 'n God wat vergewe, genadig en vol deernis. U word nie gou kwaad nie, U is liefdevol en getrou. Nehemia 9:17c

Wonder jy soms hoe op aarde ons Vader dit kan regkry om mense keer op keer te vergewe? Onself en ander stel Hom tog so baie keer teleur, raak opstandig teenoor Hom en doen elke dag soveel dinge wat nié volgens sy wil is nie. En dan ... sê Hy maar wéér: Ek vergewe jou, my kind. Want Ek het jou só lief.

God vergewe onvoorwaardelik omdat Hy God is: die God van liefde is. Maar Hy vergewe ook omdat Hy elkeen van ons soos sy handpalm ken, ons denke verstaan, met 'n hart propvol deernis-begrip na ons kyk en ons dan onvoorwaardelik aanvaar.

Vergifnis het baie keer met begrip te doen. Hoe meer ons van 'n iemand verstaan en hoe groter ons insig in sy/haar persoonlikheid, omstandighede en wêreld is, hoe makliker is dit om hom/haar lief te hê. En wanneer ons lief het, kan ons dit ook regkry om onvoorwaardelik te aanvaar en te vergewe.

Jy hoef nie van iemand te hou om hom lief te hê nie. Jy hoef ook nie saam te stem met wat hy/sy doen nie, maar jy kan altyd probeer verstaan. Probeer begrip hê waar iemand vandaan kom, wat sy/haar motivering is en hoe hy/sy dink.

Kies vandag om met 'n hart vol goddelike begrip, liefde en vergifnis na ander te kyk.

Here, help my ander met empatie te bejeën en hulle sonder voorbehoud lief te hê.

Bybelkennis gaan gereeld gedeeltes uit Milanie Vosloo se boek: Laat sy Liefde jou Lei, publiseer. Ons dank aan Milanie Vosloo en CUM vir hierdie vergunning.

Vir meer inligting oor CUM, besoek gerus hulle webblad by www.cumuitgewers.co.za

Skrywer: [Milanie Vosloo](#)